# Preekvoorligting Sondag 19 Januarie 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 145:1,2,11,12; Ps. 116:1,5; Ps. 119:61,62.

**Lees:** Jes. 25:1-12; Son 1

**Teks:** Jes. 25:8; Son 1

**Tema: Deur sy oorwinning oor die dood is ons getroos in die wete dat ons aan Christus behoort.**

***Ons behoefte aan troos.***

Die onderrig in die waarhede van ons kosbare godgegewe geloof is iets wat nie net eenmalig gebeur nie. Dit is nodig dat ons altyd bewus sal wees van ons eie posisie as gebroke mense en daarom moet ons weer begin by die behandeling van die Kategismus. Die sonde waarin ons as mense geval het het veroorsaak dat hartseer en smart deel van ons daaglikse bestaan geword het. In Jesaja 25 word die realiteit van die hartseer en verdrukking vir ons duidelik gestel. Die feit dat ons in hierdie hartseer bestel leef bevestig dat ons 'n grootse behoefte aan troos het

***Ons gawe van troos.***

Die wonder van die evangelie word nou vir ons sigbaar wanneer ons weet dat die Here in die midde van ons smartvolle sondige bestaan tog aan ons die troos gee wat ons nodig het. Hy het sy Seun gegee om ons van die sonde los te koop deur sy soenverdienste. Ons troos is in hierdie bedeling dat ons nie meer aan ons self behoort nie, maar aan Christus ons Here. Hy troos my deur my te verseker dat ek nie meer aan die duiwels mag van die sonde gebind is nie, maar in Hom vrygekoop is. Hy troos my dat ek verseker kan wees dat my Vader my in alles versorg. Hy troos my dat alles wat Hy in my lewe beskik tot my saligheid dien.


***Die roeping van die troos***

Die troos wat ons uit die Here se hand ontvang dien tot ons versterking en versekering, maar dit roep ons ook tot optrede in ons daaglikse bestaan. Wanneer ons getroos lewe en stewe word ons verseker dat ons nou gewillig vir Hom sal lewe. Ons Vader het deur die troos wat Hy aan ons gegee het ons opgewek tot 'n nuwe lewe. Dit is 'n lewe wat totaal aan Hom gewy is. 'n Lewe wat getuig van die vreugde en die blydskap om aan Hom te behoort.



*Gereformeerde kerk* ***Magol***

# SKAKEL



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)*

Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za

***DATUM:*** *19 Januarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** GKSA Sustentasie
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorging
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Hdal/Sbp & Monico/Palala

**Volgende week:** Ow. 02, Ow. 03 & Ow. 04

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

Indien jy nie alreeds Maandag kan bywoon nie, laat weet asseblief die kerkkantoor sodat ons jou naam op die groep kan plaas.

## Vergaderings

**Vandag:** Sustersbestuur na katkisasie
**Maandag:** 8:00 Adminvergadering

**Dinsdag:** 18:00 Katkisasiekommissie
Finansielekommissie
Eiendomskommissie

**Donderdag:** 18:00 Evangelisasiekom.

**Volgende Sondag:** Wyksuster Toerusting

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 03

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Skinkbeurte

**Sondag 20 Januarie:**
**Hdal/Sbp**
Adri Erasmus, Benita Aucamp, Carla Erasmus, Coreen Venter, Eliztien van der Walt, Nadia van Staden, Roelene Beumer, Ronel Coetzee & Tina Erasmus.

**Monico/Palala**
Elsa Benadie & Kato du Plessis.

## Katkisasie

**Vandag:** Opening & indeling

**Volgende week:** Les 1

**Woensdag:** Begin eer 5 Februarie

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 20ste | Benita Aucamp | Hdal/Sbp |
| 23ste | Fanus Kruger | Ow. 02 |
| 24ste | Line Retief | Ow. 17/19 |
| 25ste | Adri Erasmus | Hdal/Sbp |
| | Henlou Pelser | Ell. 06 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---

## Lief & leed... waarvan ons weet

* Met leedwese bekend gemaak die afsterwe van die vader van Dawie du Plessis (Ow. 18). Innige simpatie met Dawie, Malize en die gesin in hierie tyd van rou.

---

## Vanaf die Susterbestuur

**Wegneem ete's**

Die susters gaan weer maandeliks wegneem ete's verkoop by die kerk. Die eerste verkoping vir 2025 sal 28 Februarie plaasvind. Hou die Skakel dop vir meer inligting, sal ook per Whatsapp die besonderhede uitstuur.

---

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

Spreuke 16:9



# Preekvoorligting Sondag 19 Januarie 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 135:1,2; Ps. 135:8; Skr. 10:1,2,5,6; Ps. 68:15,16; Ps. 147:1,7.

**Lees:** Psalm 65:1-14

**Teks:** Psalm 65:10

**Tema: Die Here begenadig en versorg sy skepping, daarom kan ons juig met blydskap.**

***Ons verly ons as gemeenskap***

Die Here maak bemoeienis met ons in die kleinste besonderhede van ons lewe, maar Hy regeer ook in die grootsheid van sy skepping. Sy werke in die skepping het ook ten doel dat ons Hom sal eer en sy naam sal verheerlik. Die volk kom na `n droogtetyd byeen in aanbidding tot die Here vir die uitkoms wat hy gegee het. Hulle kan tot die Here nader want Hy is die verhoorder van hulle gebede. Hy het in sy geregtigheid tugtiging oor sy volk gebring maar hulle ook weer nader aan Hom gebring dat hulle as gemeenskap met Hom kan leef.

***Ons verbly ons oor versorging***

As gemeenskap kan die volk in die voorhowe van die Here se huis kom met dankgebed vir die wonderlike uitkoms wat hy gegee het. Na die beproewende droogte het die Here gegee dat die reën weer kom en die aarde benat. Die Here het die land besoek en in die natuur voorsien dat plant en dier versorg is. in hierdie genade het Hy ook weer aan sy volk weer `n oes voorsien deurdat die land ook weer `n koringoes kan oplewer. Die Here se sorg in die natuur baat ons as sy kinders. Wanneer ons die Here se sorg sien moet ons ons daarin verbly.

***Ons verbly ons vir oorvloed***

Die wonder is dat die Here se sorg vir sy kinders oorvloedig geskied. Dit is Hy wat die reën gegee het na die droogte tyd, maar nie net in beperkte mate nie. Hy het oorvloedig voorsien sodat die natuur en elkeen van sy kinders versorg kan wees. Dit is die getuienis dat die Here eindelik alles met sy goedheid oorvloedig kroon. Daarom kan die volk waarlik bly wees. Uit die oorvloed van ons hart kan ons die Here loof vir die oorvloed wat Hy aan ons voorsien het.